# BOEKBESPREKING

J. A. HENDRIKS, *Het Geheim der Eeuwen*, J. H. Kok, N. V. Kampen, 1955.

Blykens die „Ten Geleide" in hierdie werk het die skrywer, wat arts is in Nederland, nie daarna gestreef om verassende, nuwe insigte te open of opsienbarende eie vondste mee te deel nie, maar wel om die inhoud van die Bybel noukeurig weer te gee. Om temidde van die besighede van die praktyk op 'n ander terrein te beweeg as die van die amp, verdien seker waardering. Ons sien dan ook in die werk 'n evangelisasiepoging om ander te bring tot die lees van die Bybel. Die geheel word in vyf ingedeel n.l. Die opbou van die Vrederyk 2 Die afbraak van die Vrederyk 3 Die voorspelling van die ewige Vrederyk 4 Die Stigting van die ewige Vrederyk 5 Die Voltooiing van die ewige Vrederyk. Teen hierdie skematiese indeling kan wel bedenkinge ingebring word, en die vraag doen hom voor of die inhoud van die Skrif op die wyse ingedeel kan word. 'n Ernstige beswaar het ek teen wat die skrywer sê op p. 10 en 11 waar hy beweer dat die betroubaarheid van die Skrif op verassende wyse bevestig word „in de laatste eeuw, door die opgravingen in Palestina en de landen daarom heen", en „de betrouwbaarheid der Schrift blijkt ook nog uit een ander feit". As die skrywer op dieselfdebladsy dit het oor die inspirasie van die Skrif, dus dat God die Skrif ingegee het aan die skrywers dan het ons tog seker nie opgrawings nodig om die betroubaarheid daarvan te bevestig nie of soos ons in die Ned. Geloofsbelydenis verneem „omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle" n.l. hierdie boeke „van God is". Bedenklik lyk ons wat die skrywer beweer p. 23 dat die

*water* in Gen. 1:2 nie gewoon water is nie, maar as die aanvang van die *stoffies* van die wêreld opgevat moet word, as onontwikkelde, ongevormde stof, met 'n verwysing na Spr. 8:26, waar eerder *kluite* vertaal sou kon word. Enkele ander uitdrukkinge maak 'n vreemde indruk b.v. dat die nakomelinge van Set al spoedig openbare byeenkomste gehou het, waar Gods naam aangeroep is p. 25, dat Esau sy seën, d.i. sy lidmaatskap van die-kerk-van-alle-eeue, prysgegee het. Sterk besware het ons teen die al te groot stelligheid waarmee die skrywer bepaalde historiese gebeurtenisse dateer b.v. die benoeming van Josef tot Rykskanselier ca. 1600, die lewenseinde van Josef ongeveer 1560, 'n onderhoud van Moses met Amenophes II, die eerste plaag in Junie 1446, die sprinkaanplaag in Januarie 1445, die intog in Kanaan 1404. As dit alles vasgestaan het sou baie moeilike probleme van die O.T. wetenskap opgelos wees. Jammer is dit dat die skrywer op p. 121 by die Immanuelprofesie skrywe— Zie, *een* jonge vrouw . . . i.p.v. *de jonkvrouw* (N.B.G.), dit maak nogal verskil.

By die opmerkings wat ons gemaak het, val daar ook veel te waardeer; mag dit meerdere bring tot ondersoek van die Skrif.

E. S. Mulder.